GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# PROVINSIALE EKSAMEN

# NOVEMBER 2022

# GRAAD 10

**EKONOMIE**

**(VRAESTEL 1)**

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 150**

**13 bladsye**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDBOEK:

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae.
   AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.

2. Beantwoord slegs die vereiste getal vrae. Addisionele antwoorde sal NIE nagesien word NIE.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf die vraagnommer boaan elke antwoord.

5. Lees die vrae aandagtig deur.

6. Begin elke vraag op ŉ NUWE bladsy.

7. Laat 2 – 3 reëls tussen onderafdelings van vrae oop.

8. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die kognitiewe vereistes van die vrae voldoen.

9. Gebruik slegs swart of blou ink.

10. Jy mag ŉ nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.

11. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A (VERPLIGTEND)**

**VRAAG 1** **30 PUNTE – 20 MINUTE**

1.1 Vier opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.8) in die ANTWOORDBOEK neer, bv. 1.1.9 E.

1.1.1 Watter van die volgende word nie gebruik om Ekonomie te definieer nie?

A Skaarsheid
B Keuse
C Winste
D Doeltreffendheid

1.1.2 Die basiese ekonomiese probleem waarmee alle ekonomieë te kampe het, is …

A stygende pryse.
B werkloosheid.
C skaarsheid aan hulpbronne.
D lae ekonomiese groei.

1.1.3 Nasionale inkomste sal toeneem wanneer …

A inspuitings = lekkasies.
B lekkasies > inspuitings.
C inspuitings < lekkasies.
D lekkasies < inspuitings.

1.1.4 ŉ Aanwyser wat verander voordat die ekonomie verander, staan bekend as ŉ … aanwyser.

A leidende
B sloerende
C samevallende
D saamgestelde

1.1.5 In vroeë samelewings het elke huishouding gepoog om al die goedere en dienste te produseer wat hulle nodig het. Dit word ... genoem.

A geleentheidskoste
B alternatiewe
C keuses
D selfonderhouding

1.1.6 Verenigings van vakmanne en ander beroepe, gedurende die Middeleeue, was bekend as …

A gildes.
B verhuurders.
C alliansies.
D hiërargieë.

1.1.7 Suid-Afrika het ŉ tekort aan ... arbeid.

A ongeskoolde
B geskoolde
C permanente
D tydelike

1.1.8 Die bevolkingsgroep wat die meeste sukkel om werk te kry, is …

A middeljarige mans.
B ouer vroue.
C die jeug.
D kinders. (8 x 2) (16)

1.2 Kies ŉ beskrywing uit KOLOM B wat by ŉ item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A – I) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.8) in die ANTWOORDBOEK neer, bv 1.2.9 J.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.2.1 Ekonomie<br>1.2.2 Produksie | A Die totale waarde van finale goedere en dienste geproduseer binne die geografiese grense van ŉ land |
| 1.2.3 Bruto Binnelandse Produk | B Die herhalende en wisselende vlakke van ekonomiese aktiwiteit |
| 1.2.4 Sakesiklus<br>1.2.5 Nomadiese | C Werkers met tydelike verlof of wat nie teenwoordig is nie |
| 1.2.6 Handelsreg | D Die proses waardeur die entrepreneur arbeid en kapitaal in ŉ produk kombineer |
| 1.2.7 Arbeids-absorpsiekoers | E Voorsien ŉ aanduiding van die gebrek aan werksgeleenthede |
| 1.2.8 Afwesige werknemers | F Die studie van hoe om skaars hulpbronne te kies en te gebruik |

| | | |
|---|---|---|
| | G | Mense reis van gebied tot gebied eerder as om op een plek te woon |
| | H | ’n Breë reeks sakegebruike en -praktyke |
| | I | ’n Besigheid wat daarop fokus om ’n beperkte reeks goedere en dienste te produseer ten einde meer doeltreffend te wees |

(8 x 1) (8)

1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.6) in die ANTWOORDBOEK neer. Afkortings, akronieme en voorbeelde sal NIE aanvaar word NIE.

1.3.1 ’n Tak van Ekonomie wat handel oor beleide wat lae-inkomste lande help om te ontwikkel

1.3.2 Die regverdige toewysing van hulpbronne onder ’n groep mense

1.3.3 ’n Vereenvoudigde model wat die interafhanklikheid van die belangrikste sektore beskryf

1.3.4 ’n Besigheidstruktuur wat oordraagbare aandele en beperkte aanspreeklikheid vir aandeelhouers bevat

1.3.5 Die proses van verhoogde internasionale samewerking, kommunikasie en handel

1.3.6 Buitelanders wat ’n land op ’n permanente basis binnekom (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.


**VRAAG 2: MAKROEKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem TWEE elemente van Ekonomie. (2 x 1) (2)

2.1.2 Waarom gebruik ekonome ekonomiese modelle? (1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer die volgende inligting en beantwoord die vrae wat volg.




**[Aangepaste bron: Google beelde]**

2.2.1 Noem EEN faktor om in ag te neem wanneer ʼn beroep gekies word. (1)

2.2.2 Identifiseer ʼn loopbaan wat met Ekonomie verband hou. (1)

2.2.3 Beskryf kortliks die term *mikro-ekonomie.* (2)

2.2.4 Hoe hou Ekonomie verband met Rekenaarwetenskap? (2)

2.2.5 Hoe kan ʼn ekonoom wetenskaplike metodes gebruik om gereelde ekonomiese patrone te herken? (2 x 2) (4)

2.3 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




[Aangepaste bron: https://marketbusinessnews.com/financial-glossary/scarcity]

2.3.1 Identifiseer 'n ekonomiese konsep uit die inligting hierbo. (1)

2.3.2 Gee EEN voorbeeld van 'n kapitaalgoed. (1)

2.3.3 Beskryf kortliks die term *geleentheidskoste.* (2)

2.3.4 Waarom is hulpbronne skaars? (2)

2.3.5 Hoe behoort produsente hul hulpbronne toe te wys om te verseker dat die maksimum hoeveelheid van verbruikers se behoeftes en begeertes bevredig word? (2 x 2) (4)

2.4 Onderskei tussen *absolute skaarsheid* en *relatiewe skaarsheid*. (4 x 2) (8)

2.5 Hoe effektief is regeringsbeleide in die beskerming van die omgewing? (8)
**[40]**

**VRAAG 3: EKONOMIESE STREWES** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem enige TWEE van die G7-lande. (2 x 1) (2)

3.1.2 Watter rol het die ontwikkeling van dorpe en stede in vroeë ekonomiese ontwikkeling gespeel? (1 x 2) (2)

3.2 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.


DEUR DIE GETALLE

## 'N VEILIGER TOEKOMS VIR AFRIKA BABAS

**In 1950 het 141 babas onder die ouderdom van een uit elke 1,000 in SA gesterf.** Oor die volgende 70 jaar het daardie getal skerp gedaal, en is nou 24,3 sterftes per 1,000 lewende geboortes. Projeksies deur die VN voorspel dat dit sal val tot minder as 8 teen 2,100..

Die syfer is baie hoer in Afrika as geheel, waar statistiek dit op 41,6 per 1,000 lewendige geboortes plaas. Dit is veragter Europa (3,8) en die VS (7).

**SA Suigelingsterftesyfer**
Sterftes per 1,000 lewende geboortes




**[Aangepaste bron: www.financialmail.co.za]**

3.2.1 Noem die maatstaf waarmee babasterftes gemeet word. (1)

3.2.2 Wat is die huidige statistiek aangaande babasterftes in Suid-Afrika? (1)

3.2.3 Beskryf kortliks die term *sterftesyfer.* (2)

3.2.4 Volgens die grafiek, watter ontwikkeling het oor die afgelope 70 jaar plaasgevind? (2)

3.2.5 Hoe kan babasterftes in Suid-Afrika verlaag word? (2 x 2) (4)

3.3 Bestudeer die volgende spotprent en beantwoord die vrae wat volg.




**[Aangepaste bron: www.*businessday*.co.za]**

3.3.1 Identifiseer die instelling wat in die spotprent hierbo uitgebeeld word. (1)

3.3.2 Noem die karakter in die spotprent. (1)

3.3.3 Beskryf kortliks die term *beurtkrag*. (2)

3.3.4 Waarom ervaar Suid-Afrika beurtkrag? (2)

3.3.5 Hoe beïnvloed beurtkrag produsente negatief? (2 x 2) (4)

3.4 Onderskei tussen 'n *positiewe* en *negatiewe bevolkingsgroeikoers*. (2 x 4) (8)

3.5 Hoe het 'n toename in vraag na goedere en dienste bygedra tot nywerheidsontwikkeling? (4 x 2) (8)

**[40]**

**VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES**

**40 PUNTE – 30 MINUTE**

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem TWEE deelnemers aan ʼn oop ekonomie. (2 x 1) (2)

4.1.2 Waarom is die bevolkingsgroeikoers belangrik vir regeringsbeplanning? (1 x 2) (2)

4.2 Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| **BRUTO TOEGEVOEGDE WAARDE VOLGENS TIPE EKONOMIESE AKTIWITEIT** | | | |
|---|---|---|---|
| **Teen huidige pryse (R miljoene)** | **2019** | **2020** | **2021** |
| Primêre sektor | 425 216 | 492 772 | 631 848 |
| Sekondêre sektor | 1 006 431 | 939 939 | 1 037 270 |
| Tersiêre sektor | 3 607 640 | 3 565 161 | 3 894 359 |
| **Bruto toegevoegde waarde teen basiese pryse** | **5 039 287** | **4 997 872** | **A** |
| **Teen konstante 2015-pryse (R miljoene)** | **2019** | **2020** | **2021** |
| Primêre sektor | 326 210 | 314 060 | 346 995 |
| Sekondêre sektor | 807 746 | 704 438 | 736 992 |
| Tersiêre sektor | 2 990 501 | 2 860 862 | 2 979 705 |
| **Bruto toegevoegde waarde teen basiese pryse** | **4 124 457** | **3 879 360** | **4 063 693** |

**[Aangepas: *SARB Quarterly Bulletin*, Maart 2022]**

4.2.1 Noem die metode wat gebruik is om nasionale produksie te bereken hierbo. (1)


4.2.2 Watter sektor is die grootste bydraer tot die BBP? (1)

4.2.3 Beskryf kortliks die term *bruto nasionale inkomste.* (2)

4.2.4 Bereken bruto toegevoegde waarde (BTW) soos voorgestel deur **A**. (2)

4.2.5 Watter eksterne faktore het bygedra tot die afname in bruto toegevoegde waarde (BTW) gedurende 2020? (2 x 2) (4)

4.3 Bestudeer die volgende prent en beantwoord die vrae wat volg.




**[Aangepaste bron: www.google.com]**

4.3.1 Identifiseer die proses wat in die illustrasie hierbo uitgebeeld word. (1)

4.3.2 Waarom verkies die meeste mense om in stede te woon? (1)

4.3.3 Beskryf kortliks die term *verstedeliking.* (2)

4.3.4 Waarom is die groeiende koers van verstedeliking 'n probleem vir plaaslike regering? (2)

4.3.5 Watter maatreëls kan gebruik word om die tempo van verstedeliking te vertraag? (2 x 2) (4)

4.4 Onderskei tussen *ekonomiese groei* en *ekonomiese ontwikkeling.* (2 x 4) (8)

4.5 Hoe dra markte by tot die verbeterde funksionering van die ekonomie? (8)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

**AFDELING C**

Beantwoord EEN van die twee vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDBOEK.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

| STRUKTUUR VAN OPSTEL | PUNTE-TOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding**<br><br>• Die inleiding is ŉ laer-orde respons.<br>• ŉ Goeie begin is om die sleutelkonsep wat met die vraag verband hou, te definieer of te omskryf.<br>• Moenie enige deel van die vraag by die inleiding insluit NIE.<br>• Moenie enige deel van die inleiding by die liggaam insluit NIE.<br>• Vermy dit om in die inleiding te noem wat jy in die liggaam gaan bespreek. | Maks. 2 |
| **Liggaam**<br><br>**Hoofgedeelte:** Bespreek in besonderhede/Diepgaande bespreking/ Ondersoek/Bespreek krities/Analiseer/Vergelyk/Evalueer/Onderskei/ Verduidelik/Teken ŉ grafiek en verduidelik/Gebruik die grafiek gegee en verduidelik/Voltooi die grafiek gegee/Assesseer/Debatteer<br>**ŉ Maksimum van 8 punte kan aan opskrifte/voorbeelde toegeken word.** | Maks. 26 |
| **Bykomende gedeelte:** Gee eie opinie**/**Bespreek krities/Evalueer/Evalueer krities/Debatteer/Lei af/Vergelyk/Verduidelik/Onderskei/Interpreteer/ Debatteer kortliks/Hoe?/Stel voor<br>**ŉ Maksimum van 2 punte kan vir die blote noem van feite toegeken word.** | Maks. 10 |
| **Slot**<br><br>Enige hoër-orde slot behoort die volgende in te sluit:<br>• ŉ Kort samevatting van dit wat bespreek is, sonder die herhaling van enige feite wat reeds genoem is<br>• Enige opinie of waardeoordeel oor die feite wat bespreek is<br>• Bykomende ondersteunende inligting wat die bespreking/ontleding versterk<br>• ŉ Teenstrydige sienswyse met motivering, indien gevra<br>• Aanbevelings | Maks. 2 |
| **TOTAAL:** | **40** |

**VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek, in detail, die uitwerking van sakesiklusse op die volgende:
  - Totale aanbod en totale vraag
  - Indiensneming
  - Wisselkoerse
  - Die ekonomies kwesbares (26 punte)
- Hoe beïnvloed eksterne faktore ekonomiese skommelinge? (10 punte) **[40]**

**VRAAG 6: EKONOMIESE STREWES** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek, in detail, die Suid-Afrikaanse bevolkingsgrootte. (26 punte)
- Watter impak het die verspreiding van COVID-19 op die arbeidsmag van ŉ land? (10 punte) **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**TOTAAL: 150**

**EINDE**